# HOOFSTUK 1

## ORIëNTERING, PROBLEEMSTELLING, BEGRIPSVERHELDERING, BEGRONDING EN STRUKTURERING

### 1.1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Pretorius (1981:154) sê van die moderne jongmens die volgende:

> "Die groot probleem waarmee die meerderheid van jongmense te kampe het, is 'n **geweldige gebrek aan kommunikasie.** Dit geld sowel vir kommunikasie met **ouers** as met **mekaar.** En dit beteken dat **eensaamheid, onsekerheid** en **passiwiteit** in die hand gewerk word ........................................
> Die jeugdige het 'n 'honger na medemenslikheid'; hy soek intense, intieme kommunikasie met die ander, wat intimiteit bied."

Dat die kind as mens 'n sosiale wese is, is 'n Godgegewe werklikheid. Die mens is altyd mens in verhouding tot ander mense. Die kind weet egter nie meer vanself hoe om in harmonie met andere saam te leef nie, maar moet **leer saam leef.** Sosialisering, oftewel sosiale opvoeding, is dus 'n belangrike doelstelling van opvoeding. Opvoeding van die kind vind altyd plaas binne 'n samelewingsverband. Die eerste, belangrikste samelewingsverband is die huisgesin. Hier leer die kind binne die gesinsverhoudinge die waardes en norme van interpersoonlike omgang en kommunikasie ken en word hy voorberei vir die stig van verhoudinge buite die gesin. Sonder die vermoë om met sy medemens om te gaan en te kommunikeer kan die kind nie suksesvol inskakel by die gemeenskap nie (Pretorius, 1981:44-46; Pistorius, 1976:51-53; Botha, 1977:30; Gresse, 1973:26-29; Hoffman, 1978:74; Van der Walt, Dekker & Van der Walt, 1983:140,254-255).

Hierdie studie het betrekking op 13- tot 18-jarige verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters wat as gevolg van ontoereikende opvoeding gerem is ten opsigte van hul kommunikasiegedrag en dus

ook ten opsigte van hul volwassewording. Hul primêre opvoedingsituasie word gekenmerk deur **ernstige versteurings** in die **opvoedingsverhoudinge.** Omdat verhoudinge deur kommunikasie gestalte vind is ook die **opvoedingskommunikasie** ernstig versteurd. Die kind raak psigies versteurd en 'n vrees vir en onvermoë tot kontak ontstaan, wat lei tot kontakvermyding en kontakverbreking. Die innerlike afweerhouding van die kind kom tot uiting in uiterlike afweergedrag, soos oneerlikheid, aggressie, onbeheerbaarheid, onttrekking en leerprobleme. Die kind is dus gedragsgeremd (Vermeulen, 1989:56-66; Meyer, 1986:118-122; Van Niekerk, 1986:31; Van der Walt et al., 1983:257; Pretorius, 1976:22-23; Kapp, 1989:133-134).

Omdat die gedragsgeremde dogter nie in die gesin, as primêre saamleefgemeenskap, sosiaal aanvaarbare houdings, waardes, norme en gedragswyses aangeleer het nie, leer hulle ook nie om goeie verhoudinge te handhaaf nie en leer hulle ook nie om toereikend te kommunikeer nie. Ook binne die portuurgroep kommunikeer hulle ontoereikend en vind hulle dit moeilik om goeie verhoudinge te stig en te handhaaf (Pretorius, 1981:11,16,17; Hoffman, 1976:74, 78; Botha, 1977:30-31, 137-139; Du Plessis, 1974:29,30,166).

Dit sou dus verantwoord wees om te sê dat sosiale geremdheid 'n deel vorm van die gedragsgeremdheid van verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters in die kliniekskool; **sosiale geremdheid impliseer kommunikasiegeremdheid.**

Verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters word in 'n kliniekskool geplaas met die oog op **ortopedagogiese hulpverlening.** Hul gebrekkige vermoë om op sinvolle wyse met hul medemens te kommunikeer en verhoudinge te handhaaf is opvallend. Hiervoor ontvang hulle **individuele pedoterapie.** Volgens Pretorius (1976: 101) en Du Toit (1989a:76) word die verhoudinge tussen kind en volwassene weer herstel deur middel van egte interpersoonlike kommunikasie tussen die pedoterapeut en die kind.

Die terapeutiese inrigtingsituasie bied geleentheid om individuele pedoterapie aan te vul met **groepterapeutiese metodes**, om sodoende bykomende sosialiseringshulp te verleen. Pretorius (1976:109-110) wys daarop dat residensiële Ortopedagogie aan die opvoedingsmoeilike kind die geleentheid bied om binne bepaalde interpersoonlike verhoudinge sy kommunikasie in te oefen. Hy noem groepterapie as een van die besondere opvoedingsmiddele wat aangewend kan word. Ook Lennox (1982:1-3) en Heyns (1971:1-2) wys op die besondere geskiktheid van groepterapie vir die kind in 'n terapeutiese inrigting. Suran & Rizzo (1979:91) en Mowatt (1970: 433) wys op die waarde van groepterapie as hulpverlening aan verstandelik gestremde kinders. Skrywers soos Roets (1990b), Rose (1988), Yalom (1985), Burton (1977), Douglas (1976) en Rogers (1970) lê klem op die waarde van groepterapie om die kwaliteit van interpersoonlike kommunikasie en interpersoonlike verhoudinge te verbeter.

Die vraag ontstaan watter bydrae groepterapie kan lewer om verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters se vermoë tot kommunikasie binne portuurgroepverband te verbeter. Die spesifieke vrae wat hier gestel kan word is:

* Wat is die aard en oorsake van verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n kliniekskool se versteurde kommunikasie?

* Wat is die wesenskenmerke van interpersoonlike kommunikasie en watter verband toon dit met die doelstellings van groepterapie?

* Sal verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n kliniekskool deur groepterapeutiese interaksie gehelp word tot ontplooiing van hul kommunikasievermoëns, soos dit tot uiting kom in verbeterde kommunikasiegedrag?

## 1.2 DOEL VAN DIE NAVORSING

### 1.2.1 Algemene doelstellings

Die algemene doel van die navorsing is om

* die aard en oorsake van verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n kliniekskool se versteurde kommunikasie aan die hand van literatuurstudie, asook vakkundige verslae en ortopedagogiese waarneming te belig;

* die wesenskenmerke van interpersoonlike kommunikasie te omskryf en aan te toon watter verband dit hou met die doelstellings van groepterapie, om sodoende die waarde van groepterapie as ortopedagogiese hulpverleningsmetode te bestudeer.

### 1.2.2 Spesifieke doelstellings

Die spesifieke doelstellings van hierdie ondersoek is om te bepaal of verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n kliniekskool deur middel van groepterapie gehelp sal word tot

* meer toereikende **gevoelskommunikasie;**
* meer toereikende hantering van interpersoonlike **mag;**
* groter **buigsaamheid** in die kommunikasie met andere;
* groter **agting vir die menswaardigheid** van andere;
* meer **rasionele sienings** van die self en andere;
* 'n verbeterde vermoë om **gesprek** te voer, en
* 'n verbeterde vermoë om met andere in **ontmoeting** te tree.

## 1.3 NAVORSINGHIPOTESE

Verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n kliniekskool sal deur middel van groepterapeutiese interaksie

gehelp word tot ontplooiing van hul kommunikasievermoëns, soos wat dit weerspieël word in verbeterde kommunikasiegedrag.

Die operasionalisering van toereikende kommunikasie is gebaseer op die wesenskenmerke van interpersoonlike kommunikasie, soos gespesifiseer in paragraaf 4.1.

## 1.4 BEGRONDING VAN DIE ONDERSOEK

Du Toit (1989b:18), Van Wyk (1989:567-568) en Van Niekerk (1980: 277) wys daarop dat die Ortopedagogiek in sy soeke na opvoedingsbelemmerende faktore ook gebruik moet maak van die kriteria wat deur die ander deeldissiplines van die Opvoedkunde daargestel word. In hierdie ondersoek gaan dit om **kinders** wat hulle in 'n **problematiese saamleefsituasie** bevind en daarom aangewese is op **ortopedagogiese hulpverlening**. Dit sal dus nodig wees om die ondersoek **antropologies**, **sosiopedagogies**, sowel as **ortopedagogies** te begrond.

### 1.4.1 Antropologiese begronding

Soos opvoeding is heropvoeding 'n eg menslike handeling, wat altyd gefundeer is in 'n bepaalde mensbeskouing, of antropologie (Van der Walt et al., 1983:02-04; Olivier, 1986:107). In hierdie ondersoek word uitgegaan vanuit 'n Skriftuurlike mens- en wêreldbeskouing. Vervolgens word 'n bondige uiteensetting gegee van enkele hooftrekke van 'n Skriftuurlike antropologie en die implikasies wat dit inhou vir die heropvoedingsverskynsel.

#### 1.4.1.1 Die kind is geskape na die beeld van God

God het die mens geskape na Sy beeld. Dit beteken dat die kind eienskappe het analoog aan die van God, en dat hy daarom opgevoed (Van der Walt et al., 1983:99) en dus ook heropgevoed kan word. Dit impliseer verder dat die **menswaardigheid** van die kind te alle tye in die heropvoedingshandelinge erken moet word (Du Toit, 1989b:19).

### 1.4.1.2 Die kind is wese met 'n "hart"

Die woord hart dui op die kern van die mens se persoonlikheid, wat as sy **ego** of **ek** bekend staan. Die geheel van vermoëns, moontlikhede en kennis waaroor die mens beskik, word sy "hartstoerusting" genoem (Van der Walt et al., 1983:100). Die mens is ook **religieuse** wese. Dit beteken dat die hart van die mens altyd gebind is aan die ware God van die Skrif, of aan iets uit die geskape werklikheid, as afgod. Aanvanklik was die hart van die mens aan God gebind. Deur die sondeval het die mens van God afvallig geword. Deur die versoeningsdood van Christus is die religieuse band met God in beginsel weer herstel. Die mens word geroep om God en die naaste lief te hê en oor die aarde te heers (Van der Walt et al., 1983:100,114,116,122).

Opvoeding is dus eerstens noodsaaklik omdat die kind met bepaalde vermoëns in die wêreld gekom het, wat deur opvoeding ontsluit moet word. Tweedens is opvoeding terugbinding van die kind se afvallige hart na God toe. Dit is 'n genademiddel wat God aan die opvoeder gegee het ter bestryding van die sondegebrokenheid van die mens (Van der Walt et al., 1983:114,120; Van der Walt, 1983: 65). Ten diepste is die sonde die oorsaak van problematiese opvoedingsituasies (Van der Linde, 1985:165). God gee ook die heropvoeding (Ortopedagogie) as genademiddel in die hand van die ortopedagoog om die sonde in die lewe van die kind teë te werk. Hierin vind die bestudering van groepterapie as ortopedagogiese hulpverleningsmetode sy diepste begronding.

### 1.4.1.3 Die kind is modaalbepaalde wese

In die mens het God die bestaanswyses, of modaliteite, van alle dinge saamgevoeg. Hoewel die mens se liggaam veranker is in die fisies-chemiese, die biologiese en die psigiese bestaanswyses, beskik hy ook oor 'n normatiewe akt- of handelingstruktuur. Deur die aktstruktuur rig die mens homself, onder leiding van norme, intensioneel op die werklikheid. Intensionele menslike handeling kom tot uiting in die volgende tipies menslike bestaanswyses:

* Die **analities-logiese** bestaanswyse, wat dui op die denke;
* die **historiese** bestaanswyse, wat dui op kultuurvorming;
* die **linguale** bestaanswyse, wat dui op taalvermoë;
* die **sosiale** bestaanswyse, wat dui op intermenslike omgang;
* die **ekonomiese** bestaanswyse, wat dui op waarde-afweging;
* die **estetiese** bestaanswyse, wat dui op skoonheid en harmonie;
* die **juridiese** bestaanswyse, wat dui op geregtigheid;
* die **etiese** bestaanswyse, wat dui op liefdestrou;
* die **pistiese** bestaanswyse, wat dui op geloof.

(Van der Walt et al., 1983:160-161)

Alle bestaanswyses van die kind moet op gelykwaardige wyse deur opvoeding ontsluit word (Van der Walt et al., 1983:159, 165-167, 172; Schoeman, 1983:211-216). Dit is die roeping van die ortopedagoog om verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters in 'n kliniekskool te help om ook hul sosiale bestaanswyse te verwesenlik, sodat hulle kan kom tot meer doeltreffende interpersoonlike interaksie op alle vlakke van hul bestaan.

### 1.4.1.4 Die kind is verhoudingswese

As mens is die kind iemand wat altyd in verskeie verhoudinge staan, naamlik in verhouding tot God, of 'n afgod, tot sy medemens, tot homself en tot die wêreld. In hierdie ondersoek val die klem op die opvoedeling se verhouding tot sy medemens. Menswees beteken om saam met ander mense te wees. Die naaste is vir elke mens 'n lewende, seënryke werklikheid. Mense is geroepe om mekaar te dien. Daar moet 'n openheid tussen mense wees. Dit beteken dat mense bereid moet wees om te spreek en te luister en begrip te hê vir hul medemens. **Die diepste sin van menswees word verwesenlik in die ontmoeting met die naaste.** Die mens word opgeroep tot bystandsverlening en medemenslikheid teenoor die naaste. Dit beteken dat mense verantwoordelikheid vir mekaar moet aanvaar (Van der Walt et al., 1983:144).

Die kind staan egter ook in verhouding tot homself. Dit is belangrik dat die kind tot ware **selfkennis** sal kom. Die kind moet sy eie vermoëns en beperkinge aanvaar. Hy moet in staat wees tot gesonde selfliefde, maar moet ook bereid wees tot selfkritiek (Van der Walt et al., 1983:145-146).

Verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n kliniekskool is vasgevang in skeefgetrekte verhoudinge tot hulself en hul naaste. Die ortopedagoog is geroepe om hierdie dogters te help om gebroke verhoudinge te herstel. Ook in hierdie werklikheid vind die bestudering van groepterapie as ortopedagogiese hulpverleningsmetode sy fundering.

### 1.4.2. Sosiopedagogiese begronding

Die bostaande uiteensetting wys daarop dat die opvoeding van die kind dit ten doel het om, benewens alle ander bestaanswyses, ook die sosiale bestaanswyse van die kind tot ontplooiing te laat kom (Van der Walt et al., 1983:143,170; Leenhouwers, 1971:81-83; Gresse, 1973:17). Daar sal vervolgens verder ingegaan word op die aard van sosiale opvoeding om die sinvolheid van die bestudering van groepterapie as "sosiale heropvoedingsmiddel" dieper te begrond.

Die bestudering van die verband tussen opvoeding en samelewing lê op die terrein van die **Sosiopedagogiek**, en dit word gedoen aan die hand van bepaalde sosiopedagogiese kategorieë (Pretorius, 1981:6-7,10-11). In hierdie ondersoek val die klem op die sosiale opvoeding van die kind binne gesinsverband en die invloed wat dit het op die kind se vermoë tot interpersoonlike kommunikasie. Klem sal dus gelê word op die mees toepaslike kategorieë, naamlik:

* Opvoeding in saamlewe;
* opvoeding as ontvouende interpersoonlike kommunikasie.

#### 1.4.2.1 Opvoeding in saamlewe

Die toereikendheid van die sosiale opvoeding van die kind binne die gesinsamelewing word bepaal deur die mate waarin die opvoedingsverhoudinge en ander saamleefverhoudinge in die gesin toereikend verwesenlik word (Pretorius, 1981:45-46). Gesinsverhoudinge is die basis van alle latere verhoudinge. In die gesin leer die kind wat sosiaal goedkeurenswaardig en afkeurenswaardig is wat betref opvattings, houdings en gedrag teenoor die medemens (Pretorius, 1981:45; Botha, 1977:30). Die ware Christelike gesin word gekenmerk deur die belewing en uitlewing van liefde en offervaardigheid, deur verbondenheid en wedersydse aanvaarding - eers van die gesinslede en later van ander lede van die samelewing (Hoffman, 1978:74; Pretorius, 1981:12; Van Gelder & Van der Velde, 1969:12). Binne so 'n gesin kan die korrekte sosiale houdings en verhoudinge ontplooi.

Verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n kliniekskool bevind hulle feitlik sonder uitsondering in 'n disharmoniese gesinsituasie, waarbinne die sosiale bestaanswyse ontoereikend voltrek word. In hoofstuk 2 word die disharmoniese gesinsdinamiek van hierdie dogters uiteengesit.

#### 1.4.2.2 Opvoeding as ontvouende interpersoonlike kommunikasie

Dit val nie binne die bestek van hierdie studie om interpersoonlike kommunikasie vanuit kommunikasiekundige perpektief te omskryf nie, maar wel vanuit die perspektief van die **opvoedingskommunikasie** tussen ouer en kind wanneer opvoeding plaasvind. Vervolgens word 'n uiteensetting gegee van die wesenstrekke van opvoeding as interpersoonlike kommunikasie.

Die term "kommunikasie" kom van die Latynse stamwoord "communicatio" wat "meedeling, verdeling, verbinding en verspreiding" beteken. Kommunikasie beteken dat mense met mekaar in verbinding is. Dit is die interaktiewe handeling van sowel 'n boodskapper as 'n ontvanger, waartydens wedersydse beïnvloeding plaasvind

(Botha & Van Rensburg, 1985:70). Die basis van goeie kommunikasie is dat mense mekaar kan en wil beïnvloed of help en bereid is om van mekaar te leer. Kommunikasie stel mense in staat om begrip te hê vir mekaar se standpunte en optredes. Dit maak goeie verstandhoudings tussen mense moontlik. Volgens Traas (1974:76,80) is daar van ware interpersoonlike kommunikasie eers sprake as dit geskied binne 'n ek-jy-verhouding, waarbinne die een persoon hom kan inleef in die lewe van die ander en dus met die ander in ontmoeting tree.

Die opvoedingskommunikasie binne die primêre opvoedingsverhouding word gekenmerk deur **omgang** en **ontmoeting** tussen ouer en kind. Omgang en ontmoeting vind plaas deurdat die ouer en die kind met mekaar in 'n tweegesprek of **dialoog** tree. Die kind rig as hulpbehoewende nie-volwassene 'n appél tot die ouer om opvoedingshulp. Die ouer antwoord hierop deur opvoedingshulp aan die kind te verleen. Die kind antwoord op die hulp van die ouer deur dit te aanvaar. Sonder dialoog word opvoeding nie voltrek nie (Van Zyl, 1973:177; Van Rensburg, Kilian & Landman, 1979:29; Botha, 1985:80-81).

**Sonder opvoedingskommunikasie kan opvoedingsverhoudinge nie verwesenlik word nie** (Botha, 1985:88). Deur sy woorde, houdings en optrede kommunikeer die ouer sy liefde aan die kind, en sodoende word die vertrouensverhouding verwesenlik. Deurdat ouer en kind in 'n ware tweegesprek tree, leer hulle mekaar werklik verstaan en word die begrypingsverhouding verwesenlik. Die ouer sê aan die kind wat behoorlik is en die kind laat hom deur die ouer "gesê". Sodoende word die gesagsverhouding verwesenlik (Botha & Van Rensburg, 1985;73; Landman, 1977:64; Sonnekus, 1977:6; Van der Walt et al., 1983:259).

Pretorius (1981:17-18) wys op die volgende wesenskenmerke van interpersoonlike kommunikasie, wat binne die toereikende opvoedingsverhouding vergestalt word, naamlik:

* Gevoelskommunikasie;

* magskommunikasie;
* buigsaamheid;
* erkenning van die ander;
* rasionele denke en begrip;
* gesprek;
* ontmoeting;
* waarde-oordrag.

Die versteurde opvoedingskommunikasie wat die primêre opvoedingsituasie van verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n kliniekskool se opvoedingsituasie kenmerk, is grootliks verantwoordelik vir hul onvermoë om op aanvaarbare wyse te kommunikeer. Dit bied verdere begronding vir die bestudering van groepterapie as hulpverleningsmetode om hul kommunikasiemoontlikhede tot ontplooiing te bring.

### 1.4.3 Ortopedagogiese begronding

Verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters in 'n kliniekskool is aangewese op ortopedagogiese hulpverlening. Dit is dus ook nodig om die bestudering van groepterapie ortopedagogies te begrond.

Die begrip "Ortopedagogiek" is 'n samestelling van die Griekse woorde "orthos" wat beteken "reguit", "pais" wat beteken "kind" en "agein" wat beteken "lei" (Van Rensburg, et al., 1979:117). By die Ortopedagogiek gaan dit om die beskrywing van moontlike opvoedingsregstellingswyses aan kinders in opvoedingsnood (Van Rensburg et al., 1979:117, 120). Die Ortopedagogiek het ten doel die bestudering van die opvoedingsmislopingsverskynsel en daarby geïntegreerd, die heropvoedingsverskynsel. In die Ortopedagogiek gaan dit eerstens daarom om vas te stel in watter opsig die kind, óf die volwassene, óf albei, ontoereikend deelneem aan die opvoedingsgebeure (diagnostisering) en tweedens om te bepaal hoe die unieke kind gehelp moet word om sy volwassewording na behore te voltrek (hulpverlening) (Van Niekerk; 1976:59-60; Pretorius, 1976:12; Gouws, Meyer, Louw & Plug, 1982:18).

Ortopedagogiese hulpverlening aan die kind met affektiewe en gedragsprobleme staan bekend as pedoterapie (Pretorius, 1972:39). Du Toit (1989a:75) omskryf pedoterapie as 'n gespesialiseerde vorm van hulpverlening om die kind met affektiewe probleme te help om sy affektiewe nood te verlig. Die disharmoniese opvoedingsituasie word gekenmerk deur versteurde kommunikasie tussen ouer en kind. Die pedoterapeut herstel die opvoedingskommunikasie tussen ouer en kind, sodat hulle weer vir mekaar bereikbaar word. Heropvoeding word voltrek deurdat die pedoterapeut die kind in sy nood op so 'n wyse te hulp kom dat die kind

* se negatiewe betekenisse en gedrag gewysig word;
* se vasgevange volwassewording weer in beweging kom;
* se volwassewording vinniger verloop, sodat die agterstand opgehef word;
* weer deel het aan 'n harmoniese opvoedingsdinamiek.

(Olivier, 1986:108)

In die pedoterapie gaan dit primêr om steun aan die kind tot herbelewing van die angswekkende in sy lewe, en tot die gee van meer gunstige betekenisse aan die eie lewensituasie. Dit beteken dat die kind sy noodsituasie beter verstaan en dit kan verwerk en aanvaar (Pretorius, 1972:40-42; Du Toit, 1989a:75).

'n Ortopedagogiese hulpverleningsmetode verwys na 'n wyse waarop hulp verleen word aan die versteurde kind. Daar is verskillende hulpverleningsmetodes, soos spelterapie, beeldkommunikasie, gespreksterapie, gedragswysiging, groepterapie, en ander vorme van gespesialiseerde hulpverlening (Pretorius, 1972:81, 1976:103,113; Olivier, 1986:124; Du Toit, 1989a:75-79). In hierdie ondersoek word groepterapie bestudeer as Ortopedagogiese hulpverleningsmetode ten opsigte van verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n kliniekskool.

Tarnow (1986:179 het in haar ondersoek bevind dat groepterapie wel pedoterapie is, mits dit voldoen aan die kriteria van die ortopedagogiese praktyk. Sy het bevind dat kinders wel aan die

hand van groepterapeutiese tegnieke begelei kan word tot meer toereikende betekenisgewing aan hulle opvoedingsituasie.

Pretorius (1972:63) stel aan die hand van die pedagogiese verhoudingstrukture die **moontlikheidsvoorwaardes** vir pedoterapie, aan die hand van die opvoedingsverloopstrukture die **verloop** van pedoterapie, en aan die hand van die opvoedingsdoelstrukture die **kriteria ter evaluering** van pedoterapie. Vervolgens word kortliks uiteengesit op watter wyse groepterapie aan die vereistes van pedoterapie voldoen. Die gevolgtrekkings wat gemaak word is gebaseer op die bespreking van die terapeutiese faktore in paragraaf 3.3.1.

### 1.4.3.1 Die verwesenliking van die moontlikheidsvoorwaardes vir pedoterapie tydens groepterapie

'n Moontlikheidsvoorwaarde vir pedoterapie is dat die opvoedingsverhoudinge verwesenlik moet word. Tydens groepterapie word die opvoedingsverhoudinge verwesenlik deurdat die pedoterapeut

* die vertroue van elke kind in die groep wen;
* vertroue in elke kind vertoon;
* eerbied toon vir die menswaardigheid van elke kind;
* belangstelling en besorgdheid vertoon teenoor elke kind;
* elke kind veilig en geborge laat voel;
* 'n stabiele affektiewe verhouding opbou met elke kind;
* begrip toon vir elke kind;
* elke kind steun in sy nood;
* gesag uitoefen teenoor elke kind en
* norme en waardes aan elke kind voorhou.

(Pretorius, 1972:63-64; Du Toit, 1989b:19-21)

Die beginpunt van pedoterapie is die skep van 'n situasie waarin die kind geborge voel en dus nuwe verhoudinge kan opbou (Pretorius, 1972:64). In 'n geborge groep kan die kind die **vertroue** wat hy tydens individuele pedoterapie opgebou het verder uitbrei na die leeftydgenote (vgl. paragraaf 3.3.1.3). As sulks is die tera-

piegroep 'n uitbreiding van die kommunikasiegebeure wat tydens individuele pedoterapie plaasvind.

Wanneer die pedoterapeut die kind aanvaar, verhoog dit die kind se gevoel van eie waarde (Pretorius, 1972:65). Deur sy opvoedingsbemoeienis help die terapeut om 'n klimaat van **aanvaarding** te skep in die groep. Belewing van aanvaarding deur die leeftydgenote lei tot verdere verhoging van eie waarde, (vgl. paragraaf 3.3.1.3), veral by verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters, wat al soveel mislukkings en verwerping beleef het.

Tydens pedoterapie beleef verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters dat hulle **begryp** word deur die pedoterapeut en dat hulle nie meer alleen is met hul probleme nie. In die groep kan hulle hul probleme met hul maats deel, en beleef dat hulle maats soortgelyke probleme het. Isolasie en eensaamheid word dus verder verbreek (vgl. paragraaf 3.3.1.1).

Hierdie vertroue, aanvaarding en begrip van mekaar impliseer juis die wesenlike van interpersoonlike kommunikasie, naamlik die **ontmoeting** van mekaar en die skep van 'n ons-ruimte (Pretorius, 1972:66).

Die konsekwente en simpatieke gesagsuitoefening van die pedoterapeut dra verder daartoe by dat die dogter in nood ook normatiewe geborgenheid beleef, wat dit vir haar moontlik maak om die **norme** en **waardes** wat voorgehou word te aanvaar (Pretorius, 1972: 66). Ook in die groep moet die pedoterapeut eise en grense stel, maar wel op so 'n wyse dat oormatige spanning verhoed word. In die groep kry die pedoterapeut geleentheid om die dogters te konfronteer met die eise van behoorlike menslike interaksie. Deur middel van direkte onderrig en ingryping, maar veral deur eie voorbeeld, vorm die terapeut 'n model van aanvaarbare interpersoonlike kommunikasie.

### 1.4.3.2 Die verloop van die pedoterapeutiese gebeure tydens groepterapie

Volgens Pretorius (1972:67) word die verloop van pedoterapie voltrek wanneer die terapeut met die kind in kommunikasie tree, die kind laat handel, maar ook sekere handelinge beperk. Die wyse waarop pedoterapie verloop tydens groepterapie word vervolgens kortliks uiteengesit.

* **In kommunikasie tree met die kind**

In die groep stel die terapeut en die kinders hulself gewilliglik in 'n **omgangsituasie** tot mekaar, waarbinne hulle vir mekaar teenwoordig is. In die groep leer kinders dat hulle ook vir mekaar teenwoordig moet wees. Dit verskaf verdere veiligheid aan die kind in nood, want die leeftydgenote word as minder bedreigend beleef. Die terapeut betree die beleweniswêrelde van die kinders in die groep en die kinders kry geleentheid om mekaar se beleweniswêrelde te betree. Binne die geborgenheid wat die groep saam met 'n vertroude terapeut beleef, kan hulle hul probleme konfronteer en kan terapeutiese beïnvloeding plaasvind. Deur kommunikasie in die groep vind interpersoonlike leer plaas, wat lei tot groter selfkennis by die kind (vgl. paragraaf 3.3.1.7). Die terapeut vestig die kinders se hoop op 'n beter toekoms en ondersteun elke individuele kind (Pretorius, 1972:69; vgl. ook paragraaf 3.3.1.2).

In die groep word elke kind opgeroep tot samewerking aan sy eie noodsituasie. Elke kind kry ook die geleentheid om verantwoordelikheid te aanvaar deur opdragte uit te voer. Onsekerheid, hulpeloosheid, onveiligheid en angs word opgehef deurdat die kinders se belewinge en gedrag deur die pedoterapeut gerig word. Die kinders word veral deur aanmoediging en goedkeuring gehelp om mee te doen, en dit lei tot 'n opheffing van hul mindersynsbelewinge (Pretorius, 1972:70).

Die kommunikasie in die groep ontplooi deurdat die terapeut en die kinders onderling toenemend op 'n dieper vlak met mekaar in interaksie tree. Periodieke verlating vind tussen sessies plaas.

* **Die kind laat handel**

Die kind word gelei om sistematies te handel met terapeutiese materiaal in die groep. In hierdie geval verwys dit veral na die tegnieke wat aangewend word om interaksie tussen groeplede te bevorder. Die terapeut het 'n besondere opgaaf om verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters te steun om te waag met die self en met die ander en om tot sinvolle interpersoonlike handeling oor te gaan.

* **Die kind nie-laat-handel-nie**

Binne die groep word beperkinge gestel ten opsigte van interpersoonlike gedrag, tyd en beweeglikheid. Lede mag nie die sessie verlaat nie en mag ook nie so ongeorden optree dat hulle die verloop van die groepgebeure ontwrig nie. Hulle mag mekaar nie verkleineer of fisies beseer nie. Elke kind word beskerm teen oormatige druk van die groep om deel te neem. Deelname aan alle aktiwiteite is vrywillig.

### 1.4.3.3 Kriteria ter evaluering van die pedoterapeutiese gebeure tydens groepterapie

Die primêre kriterium is hier of die kind deur die pedoterapeut gehelp is om 'n stuk volwassewording in te haal. Die pedagogiese kriteria vir volwassewording, soos dit deur Pretorius (1972:73) uiteengesit is, word op die volgende wyse deur groepterapie verwesenlik:

* Die kind in nood word gesteun tot 'n meer **sinvolle betekenisgewing aan sy eie bestaan**, veral as mens teenoor ander mense (Beyers, 1989:653).

* Groepterapie help die kind om te kom tot meer toereikende **selfbeoordeling** en **selfbegrip**. Terselfdertyd kom die kind ook tot groter begrip van sy leeftydgenote in die groep (vgl. paragraaf 3.3.1.7).

* Die **menswaardigheid** van die kind word te alle tye hoog geag. Hy leer ook dat andere menswaardig is (vgl. paragraaf 3.3.1.8).

* Tydens groepterapie moet die kind voortdurend besluite neem en handel volgens die eise van sekere norme van gedrag. Dit kan beskou word as 'n geleentheid tot **sedelik selfstandige besluitvorming** en **handeling**.

* In die groep dra die kind **verantwoordelikheid** vir die eie deelname en gedrag volgens die norme van behoorlike interpersoonlike kommunikasie. Van besondere waarde is dat die kind in die groep leer om ook verantwoordelikheid te aanvaar vir die welsyn van die ander (vgl. paragraaf 3.3.1.9).

* 'n Positiewe **lewensopvatting** word voortdurend oorgedra deur die interaksie in die groep en deur die onderrig en ingryping van die pedoterapeut.

Omdat dit in hierdie ondersoek gaan om die bestudering van die invloed wat groepterapie het op interpersoonlike kommunikasiegedrag, word die **wesenskenmerke van opvoedingskommunikasie gebruik** as **spesifieke kriteria** ter evaluering van die terapeutiese beïnvloeding. Hierdie kriteria word in paragraaf 3.4 uiteengesit.

## 1.5 BEGRIPSVERHELDERING

### 1.5.1 Verstandelik gestremde

#### 1.5.1.1 Verstandelik

Gouws et al., (1982:134,321) stel die woord "verstand" gelyk aan die woorde "intellek" en "intelligensie", wat hulle omskryf as die kapasiteit vir die kognitiewe prosesse van dink, redeneer, in verband bring, oordeel en begryp waartoe 'n individu in staat is. De Wet, Monteith en Van der Westhuizen (1981:382) omskryf intelligensie as die vermoë om

* abstrakte konsepte effektief te hanteer en toe te pas;
* verbande in te sien;
* effektief by nuwe omstandighede aan te pas;
* probleme op te los, en
* doelgerig te handel.

Volgens Jordaan en Jordaan (1990:485) is intelligensie 'n eienskap van die persoon as geheel, wat saam met alle ander eienskappe 'n persoon se belewinge en handelinge beïnvloed. Pretorius (1976: 74-75) onderskryf ook die totaliteitsbenadering as hy intelligensie omskryf as die krag van die persoon tot deurbreking van nuwe situasies waarvoor hy te staan kom. Intelligensie is slegs 'n moontlikheid wat die kind deur opvoeding en onderrig en deur eie inspanning moet verwesenlik.

#### 1.5.1.2 Gestremd

Die woord "strem" word deur Kritzinger, Labuschagne & Pienaar (1965:849) aangedui as "teenhou", "vertraag" of "bemoeilik". Dit dui op 'n belemmering of 'n verhindering om vooruit te gaan. **Waar daar tekorte of gebreke in die kind self voorkom, praat ons van 'n gestremde kind** (Van Niekerk, 1976:46; Du Toit, 1989c:27). Gestremdheid dui op aanwysbare tekorte in die kind se gegewe moontlikhede. Die gestremde kind se gebreke hinder of bemoeilik

die kind se vrye uitgaan tot sy leefwêreld en dus sy volwassewording. Die gestremde kind mag volwassenheid dus later bereik as die normale kind en die vlak van volwassewording wat hy uiteindelik bereik kan moontlik ook laer wees as die van die normale kind. Hierdie stadiger ontplooiing van die kind is egter "normaal" vir die besondere kind, omdat dit ooreenstem met sy gegewe moontlikhede. **By 'n gestremdheid is die moontlikheid van opheffing selde aanwesig** (Van Niekerk, 1986: 4, 1976:47).

Die gestremde kind kan, ten spyte van sy verswarende omstandighede, sy potensiaal toereikend verwesenlik, en hy is ook geroepe daartoe om dit te doen (Van Niekerk, 1976:47).

#### 1.5.1.3 **Verstandelik gestremd**

Hierdie studie het betrekking op 'n groep dogters wat as verstandelik gestremd geklassifiseer is en gespesialiseerde onderwys in 'n kliniekskool ontvang.

'n Kind word as verstandelik gestremd beskou as hy as gevolg van sowel genetiese, asook as omgewingsfaktore, oor ontoereikende verstandsmoontlikhede beskik (Du Toit, 1989d:360; Pretorius, 1976:74-75; Kruger, 1980:159; De Wet, Van Zyl & Du Toit, 1979: 153; Vedder, 1976: 36). Die verstandelik gestremde kind openbaar, as gevolg van verstandelike onvermoë, sodanige skolastiese agterstande dat hy nie ten volle voordeel kan trek uit gewone onderwys nie (Kruger, 1980:156; Dumont & Cammaer, 1972:156). Onder die blanke skoolbevolking val hierdie groep kinders min of meer in die IK-groep 50-80 (Kruger, 1980:157).

### 1.5.2 <u>Gedragsgeremde</u>

#### 1.5.2.1 **Gedrag**

Kritzinger <u>et al</u>., (1965:183) omskryf die woord **gedrag** as **handelswyse**. Volgens Gouws <u>et al</u>., (1982:95) dui gedrag op 'n han-

deling of handelinge in die algemeen. Dit sluit in die willekeurige, asook onwillekeurige gedrag van enige lewende organisme.

Die eg menslike betekenis van gedrag word uiteengesit in die Psigopedagogiek, waar **gedra** as een van die wesenskenmerke van die psigiese bestaanswyses van die kind aangedui word. Die werkwoordvorme van gedra, soos dit in die Engelse "behave" en die Duitse "sich verhalten" aangetref word, verwys onderskeidelik na die normgerigtheid van gedrag. Dit is dus duidelik dat dit telkens gaan om **iemand**, 'n mens, wat hom gedra en dat sy gedrag gerig word deur 'n norm en 'n keuse wat hy maak. Willekeurige gedrag vind sy oorprong in die kind se oopstaan-vir en gerigwees-op die werklikheid. As sodanig is dit 'n wyse waardeur die kind se stigting van verhoudinge tot die werklikheid sigbaar word (Sonnekus & Ferreira, 1979:31, 61, 63). Die gedrag van die kind is altyd uitkoms van die betekenisse wat hy aan die wêreld gee (Van Niekerk, 1986:5).

#### 1.5.2.2 **Geremd**

Volgens Kritzinger et al., (1965:685) beteken die woord "rem" om die beweging van iets te vertraag of te laat ophou. 'n Geremdheid by 'n kind dui op 'n **stadiger verloop** van sy volwassewording. **Die rede vir hierdie stadiger verloop van die kind se volwassewording is geleë in omstandighede buite die kind, soos byvoorbeeld 'n problematiese opvoedingsituasie.** Die harmonie tussen die kind en sy omgewing is versteurd in die sin dat die kind se optredes, handelinge en prestasies, in ongunstige sin, nie korreleer met die algemeen aanvaarde norme vir sy ouderdomsgroep en volgens sy moontlikhede nie. **'n Geremdheid hou altyd die moontlikheid in van opheffing** (Van Niekerk, 1986:4-5; Du Toit, 1989c:27).

#### 1.5.2.3 **Gedragsgeremd**

Dit word algemeen aanvaar dat die opvoedingsgebeure disharmonies in funksie kan gaan (Van Niekerk, 1986:31). Dan bevind die kind hom in 'n problematiese opvoedingsituasie, wat gekenmerk word

deur opvoedingsnood, opvoedingsverwaarlosing, opvoedingsbelemmering en versteurde kommunikasie. Dit lei tot ernstige disharmonie in die verhouding tussen opvoeder en kind. Daar ontstaan by die kind verwarrende en **negatiewe belewinge** van en **betekenisgewing** aan sy leefwêreld, wat homself, sy ouers en sy medemens insluit. Hierdie negatiewe betekenisgewing lei tot ernstige **psigiese versteuringe**, soos onsekerheid, angs, minderwaardigheidsgevoelens, wanhopigheid en perspektiefloosheid (Van Niekerk, 1986:31; Pretorius, 1976:15-29). Die psigiese versteurdheid van die kind kom tot uiting in **versteurde gedrag**, in die sin dat sy gedrag ooreenstem met die ongunstige betekenis wat hy daaraan gee en nie ooreenstem met die gedrag wat van hom verwag kan word volgens sy vermoëns nie. Sy versteurde gedrag neem die vorm aan van aggressie, soos byvoorbeeld afknouery, brutaliteit, buierigheid, vloektaal en diefstal; in onttrekkingsgedrag, soos byvoorbeeld dagdromery, inkennigheid en teruggetrokkenheid en in regressiewe gedrag, soos byvoorbeeld duimsuig, enurese, enkoprese, huilerigheid en hulpeloosheid. Fobies, obsessies en psigosomatiese afwykings kom ook voor (Van Niekerk, 1986:31; Pretorius, 1976:31; Meyer, 1986:134-139).

Die gedragsgeremde kind is dus 'n **volwassewordingsgeremde** kind, omdat hy nie toereikend volwasse word nie. Die volwassewordingsgeremde kind is ook ten opsigte van sy sosialisering gerem, omdat hy daardeur gekenmerk word dat hy hom in die omgang met mense onnatuurlik gedra. Daar is vir hom oral struikelblokke ten opsigte van menslike kontak en hy het nie die moed om dit te oorbrug nie (Pretorius, 1976:29).

Hierdie ondersoek het betrekking op dogters wat amptelik deur die Transvaalse Onderwysdepartement as gedragsgeremd geklassifiseer is en op grond daarvan in 'n kliniekskool geplaas is. Die voorwaarde vir hierdie plasing is dat daar prognose is by die dogter, in die sin dat haar gedragsgeremdheid ophefbaar is deur ortopedagogiese hulpverlening. Hulp word terselfdertyd aan die ouers verleen in die vorm van ouerbegeleiding.

### 1.5.2.4 Sintese

Van Niekerk (1976:47-51) wys daarop dat die gestremde kind hom nie bloot op grond van sy gestremdheid in 'n problematiese opvoedingsituasie bevind nie. **Die gestremde kind is eers 'n geremde kind wanneer sy volwassewording stadiger verloop as wat dit behoort te verloop volgens sy vermoë en wanneer hy nie sy vermoëns optimaal verwesenlik nie.**

Dit is egter wel waar dat gestremdheid dikwels lei tot 'n problematiese opvoedingsituasie. So kan verstandelike gestremdheid bydra daartoe dat die kind nie die moontlikhede waaroor hy wel beskik, optimaal verwesenlik nie. **Wanneer die kind sy gestremdheid as 'n tekort beleef kry dit die karakter van opvoedingsnood en raak dit inderdaad ook 'n geremdheid.** Dit gebeur wanneer die opvoedingsverhouding skeef loop, omdat òf die ouers òf die gestremde kind nie weet hoe om die situasie van die kind se gestremdheid korrek te hanteer nie (Van Niekerk, 1976:47-51).

Pretorius (1976:32) wys daarop dat verstandelike gestremdheid dikwels gepaard gaan met problematiese gedrag. Die moontlikheid van volwassewordingsremming is dus meer wesenlik by die verstandelik gestremde kind aanwesig as by die verstandelik normale kind.

### 1.5.3 <u>Kliniekskool</u>

Indien die kind se opvoedingsnood nie besef en effektief aangespreek word nie, sal sy gedrag totaal onaanvaarbaar word vir die gemeenskap (Van der Walt, 1968:12-20). Om verdere ontsporing te voorkom moet die kind uit sy primêre opvoedingsmilieu verwyder word (Vermeulen, 1989:3). Nadat die skool die gedragsgeremde kind aangemeld het, doen die sosiopedagoog (onderwysadviseur: voorligting), in samewerking met die ortopedagoog, 'n indringende ondersoek na die aard van die problematiese opvoedingsituasie. Hulp word dan plaaslik aan die kind verleen. Indien dit blyk dat plaaslike hulpverlening nie die probleem sal ophef nie, word die

kind as gedragsgeremd geklassifiseer en in 'n kliniekskool geplaas (Van Niekerk, 1978:158; Vermeulen, 1989:14).

Die kliniekskool is 'n ortopedagogiese inrigting wat bestaan uit twee instansies, naamlik 'n kliniek en 'n skool. Hulp word hier verleen deur **onderwysadviseurs** in 'n kliniek by die skool en deur **onderwysers**, wat die onderrig, opleiding en opvoeding in die skool en koshuis waarneem (Vermeulen, 1989:13). Pretorius (1976: 108) verwys na hierdie hulpverlening as residensiële ortopedagogie. Die kliniekskool bied 'n tydelike tuiste aan die kind wat nood het aan intensiewe ortopedagogiese hulpverlening. Dit bied aan die kind die geleentheid om, onafhanklik van sy opvoedingsituasie, tot optimale persoonsontplooiing te kom en om positiewe verhoudinge op te bou (Van Niekerk, 1978:159; Pretorius, 1976:108).

Vermeulen (1989) en Snyman (1976) het spesifieke ondersoeke gedoen na die opvoedingsverwaarlosing van verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente (60 dogters en 120 seuns) in die kliniekskool waarop hierdie studie betrekking het. Hulle het ook die waarde bestudeer van ortopedagogiese hulpverlening in die verwesenliking van die opvoedingsdoel ten opsigte van hierdie jeugdiges. Daar sal in hierdie verslag dikwels verwys word na die navorsing van Vermeulen en Snyman.

### 1.5.4 Dogters

Die dogters waarop hierdie ondersoek betrekking het is almal in 'n kliniekskool. Om onnodige herhaling te vermy sal daar voortaan slegs verwys word na verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters, met die implikasie dat hulle dogters in 'n kliniekskool is. Die frase "in 'n kliniekskool" word dus slegs gebruik in hoofopskrifte en enkele ander gedeeltes waar dit noodsaaklik mag wees.

Verder het die ondersoek betrekking op 'n groep dogters vanaf 13 tot 18 jaar. Hulle val dus in die pre-adolessente en adolessente leeftydfase. Gouws et al., (1982:5) omskryf adolessensie as daar-

die ontwikkelingstadium wat strek vanaf puberteit tot by die bereiking van volwassenheid, dit wil sê vanaf ongeveer 12 tot 21 jaar. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word die betrokke dogters dus beskou as adolessente.

### 1.5.5 Groepterapie

#### 1.5.5.1 **Groep**

'n Groep is 'n sosiale eenheid wat bestaan uit twee of meer persone wat

* in interaksie is met mekaar;
* mekaar wedersyds beïnvloed;
* 'n gemeenskaplike doelstelling het;
* gemeenskaplike norme het, en
* 'n netwerk van rolverdelings en persoonlike aangetrokkenheid onder mekaar ontwikkel, wat hulle onderskei van ander groepe (Gouws et al., 1982:108; Douglas, 1976:5; Shertzer & Peters, 1965:51).

#### 1.5.5.2 **Terapie**

Gouws et al., (1982:305) definieer **terapie** as enige behandeling van 'n siekte of geestesgebrek, hetsy deur middel van psigoterapie of mediese tegnieke. Daar word vervolgens gekyk na terapie as **psigoterapie**.

Die menslike **psige** omskryf Gouws et al., (1982:244) as die hipotetiese substraat of draer van alle belewenisse en gedrag. Terme sinoniem aan psige is **gees, persoon, persoonlikheid, individu en organisme**. Die psige is die setel van die gevoelslewe. Vanuit die gesigspunt van die Psigopedagogiek is die psigiese lewe van die kind daardie moontlikhede wat hy ontvang het, en wat hy moet verwesenlik. Dit geskied deurdat die kind leer en volwasse word. Die kind verwesenlik sy moontlikhede by wyse van ervaar, wil, belewe, ken en gedra (Sonnekus & Ferreira, 1979:30; De Wet & Van Zyl,

1979:3-4). Die psige staan altyd onder die leiding van norme (Van der Walt et al., 1983:70, 158-159).

Gouws et al. (1982:96) stel **psigiese versteuring** gelyk aan geestessiekte, en omskryf dit as enige psigopatalogiese toestand van 'n ernstige of minder ernstige aard. Die aard van psigiese versteuring by die kind in opvoedingsnood is reeds hierbo uiteengesit. Psigoterapie, as wyse van hulpverlening aan die psigies versteurde mens, sal vervolgens slegs oorsigtelik uiteengesit word.

Burton (1972:9) omskryf **psigoterapie** as die aanwending van beskikbare wetenskaplike kennis binne 'n menslike raamwerk, om 'n kliënt se leefwyses te verander, sodat hierdie leefwyses groter bevrediging bring aan die kliënt. Die psigoterapeut evalueer die kliënt se gevoelens, ervarings en innerlike dinamiek. Hy probeer om foutiewe persepsies uit te wys en stel alternatiewe gedragswyses voor. Hy bemiddel die oplossing van konflikte en help die kliënt om positief in te skakel by sy omgewing.

Die terapievorm wat gebruik word om hulp te verleen aan die volwassewordingsgeremde kind staan bekend as **pedoterapie**. Die aard van **pedoterapie** is reeds hierbo oorsigtelik uiteengesit.

### 1.5.5.3 Groepterapie

Gouws et al., (1982:109) omskryf groepterapie as 'n psigoterapeutiese tegniek waaraan twee of meer kliënte en die psigoterapeut deelneem om probleme op te los en gedragsverandering te bewerkstellig. Volgens Yalom (1985) is daar veelvuldige terapeutiese faktore wat werksaam is binne 'n geslaagde terapiegroep (vgl. paragraaf 3.3.1.).

In hierdie ondersoek word die groep, binne die raamwerk van ortopedagogiese hulpverlening, aangewend om kommunikasiegeremde dogters te help om hulle kommunikasievermoëns tot ontplooiing te laat kom. Die term **groepterapie** word dus gebruik.

## 1.6 METODE VAN ONDERSOEK

### 1.6.1 Navorsingsontwerp

Die doel van hierdie ondersoek is om op die korttermyn elke dogter se ontplooiing ten opsigte van haar kommunikasievermoë **binne die groep** te bestudeer, eerder as om meetbare persoonlikheids- of gedragsverandering na afloop van die groepterapie te probeer bepaal. Die doel is ook nie om oordrag van die terapeutiese effekte na ander situasies, of die langtermyneffekte van groepterapie te bepaal nie. Die ondersoek neem die vorm aan van **'n veldstudie** en die veld wat betree word is waar onderwysadviseurs, onderwysers en maatskaplike werksters betrokke is by hulpverlening aan verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters.

In 'n ortopedagogiese veldstudie word hoofsaaklik gebruik gemaak van die metode van ortopedagogiese **waarneming**. Hierdie waarneming sluit in persoonlike waarneming, gesprekvoering, gevallestudies en ortopedagogiese eksperimentering (Van Niekerk, 1980:276). Die eksperiment neem die vorm aan van 'n **enkelproefpersoonnavorsingsontwerp.** By wyse van persoonlike waarneming en reeds bestaande verslae word 'n beeld verkry van die aanvanklike stand van elke proefpersoon se kommunikasiegedrag. Tydens die eksperimentele fase ontvang die dogters groepterapie. Elke dogter se kommunikasiegedrag word dan tydens elke sessie waargeneem deur drie pedoterapeute en geëvalueer aan die hand van 'n gedragsevalueringskaal. Die mate waartoe die dogters se kommunikasievermoë ontplooi en verbeter het, word dan uiteindelik subjektief beskryf, grafies voorgestel, asook statisties ontleed na toepassing van enkelvoudige variansie-analises van die herhaalde metings op die evalueringskaal.

### 1.6.2 Populasie en selektering van 'n navorsingsgroep

Die populasie bestaan uit 13- tot 18-jarige verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n kliniekskool. Omdat dit nie sinvol is om proefpersone vir groepterapie te se-

lekteer by wyse van 'n steekproef nie, is hulle doelbewus geselekteer volgens die kriteria wat volledig in paragraaf 4.4.2. uiteengesit word.

### 1.6.3 Navorsingsverloop

Die ondersoek behels eerstens 'n **literatuurstudie** wat dien as 'n teoretiese basis vir die navorsingsprobleem wat ondersoek word. Die literatuurstudie word in hoofstukke 2 en 3 uiteengesit.

In **hoofstuk 2** is aan die hand van literatuurstudie, vakkundige verslae en waarneming uiteengesit op watter wyse die **sosiopedagogiese verwaarlosing** van verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters lei tot hul **ontoereikende sosialisering** en **kommunikasiegeremdheid**. Die rol wat hul **milieugeremdheid** en **verstandelike gestremdheid** speel ten opsigte van die probleem word ook belig.

In **hoofstuk 3** word **groepterapie** teoreties nagevors aan die hand van literatuurstudie om te bepaal watter waarde dit moontlik kan inhou as **aanvullende ortopedagogiese hulpverleningsmetode**, veral met die oog op die **sosiale heropvoeding** van verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters in 'n kliniekskool. Daar word ook aangetoon wat die verband is tussen die algemene **doelstellings** van groepterapie en die **wesenskenmerke van interpersoonlike kommunikasie**. Die vorm wat die terapie sal aanneem word ook in hierdie hoofstuk begrond. Voorbeelde van die inhoud van die terapie word gegee. Die literatuurstudie vind sy toepassing in 'n **empiriese ondersoek** oor die waarde van groepterapie met verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n kliniekskool.

In **hoofstuk 4** word 'n uiteensetting gegee van die **navorsingsmetode** wat gebruik word. Die populasie word omskryf en die wyse waarop die navorsingsgroep geselekteer is, word uiteengesit. Die wyse waarop die meetinstrumente opgestel is, word ook beskryf. Laastens word die verloop van die navorsing uiteengesit.

In **hoofstuk** 5 word die **resultate** van die empiriese ondersoek geïnterpreteer. Die vernaamste **bevindinge** word saamgevat en beoordeel en **aanbevelings** word gemaak met die oog op praktykverbetering en moontlike verdere navorsing. Die belangrikste **tekorte** van die ondersoek word ook aangedui.

## 1.7 EERSTE PROBLEEMSTELLING

In hoofstuk 2 word vervolgens uiteengesit hoe die **versteurde opvoedingsverhoudinge**, asook die **versteurde opvoedingskommunikasie** in die gesin lei tot **kommunikasiegeremdheid** by verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters. Die rol wat hul **milieugeremdheid** as oorsaaklike faktor, asook hul **verstandelike gestremdheid** as bydraende faktor speel ten opsigte van hierdie problematiek word ook belig.